

BYBELSTUDIE 6

OM VIR GOD TE GETUIG

Bybelteks vir Memorising: Mattheus 4:19

Naam: _____

Veronderstel u kom n ou vriend teë, wie se gesondheid die laaste keer toe u hom gesien het so sleg was, dat u nie verwag het om hom ooit weer lewendig te sien nie. Nou is hy blakend gesond. Hy vertel dat hy n dokter gevind het wat hom volkome genees het, maar hy wil nie die dokter se naam bekend maak nie. U sal sê dis onmoontlik. Daar is egter baie mense wat geestelik volkome genees is en tog weier om aan ander te vertel hoe hulle ook genees kan word. Om te getuig beteken om te vertel wat God vir u gedoen het.

1. Christus se genesing van die besetene van Gadara is gevvolg deur n duidelike bevel. Watter ander woord het Jesus daar gebruik vir „getuig”? (Lukas 8:39) _____

2. Die evangelie van Johannes leer ons baie omtrent getuienis lewer:
 - a. Volgens Johannes 3:32 is n getuienis n vertelling van (merk met n kruisie)
_____ (1) wat u as die waarheid geleer het.
_____ (2) wat u van iemand anders gehoor het.
_____ (3) wat u self gesien en gehoor het.
 - b. Wat was Andréas besig om te doen in Johannes 1:40-41?

 - c. Wat het Jesus gesê was God se belangrikste werk? (Johannes 6:29)

 - d. Watter werk dra Hy aan ons op in Johannes 15:16? _____

3. Wat is die grootste ding wat al ooit met u gebeur het? _____

4. Wat is die grootste daad van welwillenheid wat ek teenoor n ander kan bewys? _____

5. Wat beveel Jesus in Mattheus 28:18-19 ons om te doen? _____

6. In watter toestand verkeer hulle wat nie in Christus glo nie? (Johannes 3:18) _____

7. As ek Jesus getrou volg sal Hy my (Mattheus 4:19) _____

8. Volgens 1 Petrus 3:15 moet ek altyd bereid wees om _____

9. Waar het Paulus mense ontmoet om die Woord van God aan hulle te verkondig? (Handelinge 17:17; 20:20 _____

10. Hoekom moet ons getuienis rondom Jesus sentreer? (Johannes 14:6) _____

11. Wat moet ons boodskap wees, as getuies vir God aan hulle wat God nie ken nie?
Romeine 6:23 _____

- Romeine 3:23- _____
- Jesaja 53:6 „Ons almal het gedwaal soos skape..... die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom".
- Johannes 1:12- _____

12. Wat is ons verantwoordelikheid teenoor n persoon nadat hy Christus aangeneem het?

(Handelinge 14:21-22) _____

13. n Doeltreffende getuienis sluit die volgende 3 punte in: (1) Die toestand waarin ek was voor-
dat ek n Christen geword het, (2) Hoe ek Christus aangeneem het (3) Wat Christus nou vir
my beteken. Skryf nou n kort getuienis neer wat u vir n vriend sou kon vertel.
-
-
-
-

14. Skryf die name van die mense wat u ken, wat u weet Christus nodig het en teenoor wie u sal
getuig as die geleentheid hom voordoen, neer. _____
-
-
-
-

Alhoewel u bewus is van die feit dat u ander van Christus moet vertel, is u missien bang om dit te doen. Waar gaan u die krag vandaan kry om ten spye van u vrees te getuig? Die antwoord word in die volgende studie bespreek.

*Kom agter my aan, en Ek sal julle vissers van
mense maak (Mattheus 4:19).*